# PAARL-SKOOL

Posbus/P.O. Box 140
Privaatsak/Private Bag X09
Roglandstraat/Street, BRACENFELL, 7561
Tel: 021 981 5555/6
Faks/Fax: 021 981 7833
Epos/Email: admin@paarlskool.org.za

# PAARL SCHOOL

Borgliggaam/Sponsoring Body: BADISA
NG Kerk in SA/ Dutch Reformed Church in SA
Geregistreerde Welsynsorganisasie
Fondsinsamelingsnommer 002-970 NPO
Registered Welfare Organisation
Fund Raising Number 002-970 NPO



**Nuusbrief / Newsletter 3/2019** **Datum / Date: 2019-09-20**


## Uit die hoof se pen... From the principal's desk...

Die Weskaapse Onderwysdepartement (WKOD) is tans besig om 'n strategie by alle skole en WKOD instellings uit te rol wat daarop gemik is om waarde gedrewe onderwys te vestig. Die strategie staan bekend as "Transformeer om te Presteer" (T2P).

Paarl-skool het reeds 'n "verandersingspan" verkies en het al 'n paar kursusse deurloop. Mev. Shearley Miles is as ons skool se T2P-kampioen aangewys en sy vat dinge baie goed vas.

Die doel van T2P is om die universele verskynsel dat daar 'n toenemende probleem in die onderwys regoor die wêreld plaasvind aan te spreek. Dit gaan nie altyd so goed in groot dele van ons onderwys nie. U kan net 'n koerant oopmaak om te sien hoe dit werklik gaan - geweld, vandalisme en bandeloosheid.

Nodeloos om te sê, maar Paarl-skool het etlike jare gelede al die vier kernwaardes (respek, verantwoordelikheid, omgee en moed) by ons skool geïdentifiseer en gevestig. Dit, tesame met ons Pêrelklubbeloningstelsel, is ons die WKOD strategie reeds voor en kan ons waardevolle insette tydens opleidingsessies lewer.

Ons ondersteun ook ten volle die WKOD se visie om "gehalte onderrig vir elke leerder in elke klaskamer in elke skool in die provinsie te verseker". Met ons eie stelsels sorg Paarl-skool om hierdie WKOD visie na behore te laat vervul.

Dit gaan nog werklik baie goed by Paarl-skool ten opsigte van dissipline en respek. Dit kan egter oornag verander as ons nie as vennote, u as ouer en ons as skool, daadwerklik hieroor saamstem en hard werk om Paarl-skool 'n uitnemende plek van leer en veiligheid te maak nie.

Baie dankie dat ons saam kan hande vat en ons pragtige pêrels koester.

"If children come to us (as teachers) from strong healthy functioning families, it makes our job easier. If they do not come to us from strong healthy functioning families, it makes our job more important." -*Barbare Color (American educationalist)*

Geniet die kort ruskansie!

Groete

Stoffel Kruger

## PREFEKTE





Baie geluk aan Ané Groenewald & Talitha Counter wat aangewys is as hoofleiers vir die derde kwartaal. Ons is trots op julle!

Baie geluk aan Matz de Beer, Herman Ellman & Nomvano Bukaza wat verkies was as monitors vir kwartaal 3. Hulle het hul goed van hul taak gekwyt.



# EMOSIONELE VERSORGING

Die Paarl-skool leerders is Vrydag 26 Julie 2019 bederf met 'n vertoning deur 'n talentvolle groepie studente van die Zip Zap Sirkusskool. Hulle het die leerders se asems weggeslaan met hulle toertjies en vaardighede. Klein en groot het dit terdeë geniet!







# OUPA- EN OUMADAG

Die Voorskoolse Fase het op 7 Augustus 2019 die oumas en oupas bederf met 'n 'mini' konsertjie en lekker eetgoed! Toe die laaste liedjie 'Dankie Ouma' gesing word moes die tissues maar vinnig nader getrek word! Wat 'n voorreg was dit nie vir ons kinders om dié dag saam met hulle grootouers te spandeer nie.








# KUNSTEKAAP

Op Woensdag 14 Augustus 2019 was die leerders in die Grondslagfase op 'n uitstappie na die Kunstekaap Teater om 'n vertoning van Vlooi by te woon. Dit was vir ons leerders 'n ongelooflike ervaring. Hulle is weggevoer na 'n sprokieswêreld. Baie dankie aan die persone van die Stigting vir Bemagtiging deur Afrikaans wat uit hul pad gegaan het met baie hulp, vriendelikheid en kospakkies, om hierdie ervaring moontlik te maak.











# EISTEDDFOD




Ons jong kunstenaars het hulle deelname aan die Paarlvallei Eisteddfod baie geniet. Dankie aan elkeen vir julle harde werk, asook die ongelooflike onderwysers wat altyd bereid is om hulle kennis en kreatiwiteit met julle te deel. Mag julle individualiteit en kreatiwiteit aanhou floreer! 'n Spesiale woord van dank aan die Paarlvallei Eisteddfod wat altyd die ekstra myl stap om ons leerders in rolstoele te akkommodeer.

Verskeie van ons personeel was deel van die afrigting:
**Gedigte**: Hein van der Merwe, Diane Ingram en Lente Cloete
**Sang**: Ronel van Dijk en Anthea Norman
**Kuns**: Gr. 1 – 5: Klasonderwysers en Gr. 6 – 9: Ronel van Dijk

Baie geluk aan al die leerders wat die volgende uitslae behaal het. Paarl-skool is trots op julle!
Kuns kategorie wenner: Gr. 4 Dian van Schalkwyk
Cum Laude: 4
Goud+: 10
Goud: 16
Silwer+: 25
Silwer: 6
Brons: 13





# WERKSVOORBEREIDING AFSKEID

*Op 29 Augustus 2019 was dit weer tyd vir die skoolverlaters se afskeidsfunksie en dit was weereens 'n spog geleentheid. Die saal was verander in 'n tropiese eiland en die atmosfeer is geskep deur 'n spesiale optrede van Alta du Toit Skool se Marimba orkes. Die leerders het in styl gearriveer met die pragtigste uitrustings en met luukse en interessante vervoer wat tot groot opgewondenheid gelei het. Dit was voorwaar 'n aand wat nog lank onthou sal word. Baie dankie aan elke persoon en besigheid wat bygedra het om dit so 'n spesiale aand te maak.*



















# NETBAL





Die junior en senior netbalspanne het teen Dunatos en Westcliff gespeel. Al die uitslae was gunstig!

# VISUELE KUNS

Ons is so trots op ons 3 kunstenaars wie se prente gekies is as deel van die 16 wenprente in ons onderwysdistrik (waarvan slegs 4 uit spesiale onderwys). Hierdie is deel van die WKOD se "Visual Art Celebration - Every Picture Tells a Story". Hulle prente gaan by die Zeitz Museum vir Kontemporêre Kuns in Kaapstad uitgestal word. Hou aan om jul talente uit te leef!





Jarred Maarman - Gr.9





Johannes Vosloo - Gr.2





Franciska Klein - Gr.3

# LANDLOOP



Baie geluk aan Joshua Meyer en Matthew Sadoucas wat gekies is vir die Westelike Provinsie LSOB landloopspan. Joshua het 'n brons medalje by die Westelike Provinsie proewe verower. Welgedaan, Joshua! Op 31 Augustus 2019 het hulle deelgeneem aan die Weskaap Kampioenskappe by Hottentots Holland Hoërskool. Ons is trots op Joshua Meyer wat gekies is vir die Weskaap LSOB landloopspan. Hy neem 21-22 September 2019 in Witrivier in Mpumalanga deel aan die Suid-Afrikaanse Landloop Kampioenskappe.

Baie dankie aan Elsabé Pienaar en Mariska Jordaan vir al die eksta ure wat julle insit!

# SOKKER

Ons O/16 seuns speel tans in die liga. Hulle speel elke week wedstryde. Ongelukkig is die uitslae nie altyd positief nie, maar die seuns bly entoesiasties. Hulle het wel verlede week met 4-0 teen Dunatos gewen.



# UITREIK PROJEKTE

## ROLSTOELPOSISIONERING KURSUS

Die praktiese komponent van die intermediêre rolstoelposisionering kursus het vanaf 29-30 Augustus 2019 in ons Fisioterapie Departement plaasgevind. Die kursus is aangebied deur Elsje Scheffler en die deelnemers was fisio- en arbeidsterapeute wat by spesiale skole in die WKOD werk. Die terapeute het die rolstoelposisionering vir 14 van ons leerders gedurende die 2 dae hersien en aangepas. Hierdie opleiding het die terapeute wat dit bygewoon het, bemagtig en die leerders het baat gevind by die individuele aandag aan detail aan hul posisionering in hul rolstoele wat by die skool gebruik word.





## SKEP VAN BEWUSTHEID IN DIE WERKPLEK

Candice Da Rocha (fisioterapeut) en Audrey Malan (arbeidsterapeut) was betrokke by 'n uitreik na Myplas in Bellville waar opleiding gegee is aan 'n groep werknemers wat saam met 'n oud leerder wat CP het werk. Die doel was ter bewusmaking en om begrip daar te stel van die uitdagings wat 'n persoon met gestremdheid elke dag moet aanpak en hoe om die werkplek meer toeganklik te maak deur klein aanpassings.





## SANASE WERKSWINKEL

Paarl-skool se Inklusiewe Onderwysspan en Anneline Norman (adjunkhoof) het in samewerking met SANASE, 'n Beheerliggaamorganisasie vir Spesiale Skole in Suid-Afrika, op 27 Julie 2019 'n werkswinkel aangebied waar koshuispersoneel opleiding ontvang het.

Paarl-skool se personeel, deskundiges in die privaatsektor, die unies en die WKOD het aanbiedings gedoen. Die volgende onderwerpe is o.a. gedek: Kommunikasie, Konflikhantering, Gevare van selfone wat verband hou met internet/inhoud daarop, Emosionele intelligensie, Grieweprosedures, Uitdagings en beste praktyke in koshuisbestuur, Beplanning van spyskaarte, Spyseniering: algehele beplanning, Leierskapstyle, Progressiewe dissipline, Algemene veiligheidsmaatreëls, Veiligheid in die kombuis, Diensvoordele, Hantering en versorging van leerders wat totaal afhanklik is van hulp, Hulp en bestuur van leerders tydens etes - voeding van die serebrale en liggaamlik gestremde kind, Versorging van Spina Bifida-leerders en kateterisering, Hantering van leerders op die outisme spektrum in 'n groep/koshuisomgewing en Moets en moenies met betrekking tot medikasie.

Die kursusgangers het die dag baie leersaam gevind en terugvoer was positief. Daar bestaan definitief 'n behoefte vir verdere opleiding in hierdie verband waaraan ons in die toekoms aandag sal skenk.

# LOSLITDAG

Vrydag, 6 September, het Paarl-skool Loslitdag gevier. Die tema was "Time to Shine". Elke kind moes aantrek om die tema uit te beeld. Die kinders het aan 'n parade deelgeneem met die "hond - mascot" van Eljosa Travel and Tours wat die voortou geneem het. Mej. Junior Tiener Suid-Afrika, Micia Smit, het die leerders toegespreek en hulle is vermaak met 'n sangvertoning deur Charné Hugo (oud-leerder van Paarl-skool). Daar was ook heerlike speletjies waaraan al die leerders in klasverband deelgeneem het. Almal is bederf met 'n worsbroodjie en koeldrank. Dankie aan al die mammas en oumas wat die broodjies gesmeer het en die pappas en oupas wat die wors gebraai het. 'n Groot dankie aan die borge, Vencorp Foundation en SPAR wat dit moontlik gemaak het. Dankie aan die Loslitdagkomitee vir hulle puik reëlings en die personeel van Paarl-skool vir hulle betrokkenheid en toewyding. Die dag was 'n groot sukses en almal het hulself gate uit geniet.

















# PERSONEELAANGELEENTHEDE



**PRESTASIES**

- Baie geluk aan Mnr. Hein van der Merwe wat deur sy afdeling en Paarl-skool genomineer is vir 'n Nasionale Onderwysers Toekenning in die kategorie "Excellence in Special Needs Teaching". Hy was aangewys as naaswenner in die Metropool-Oos Onderwysdistrik.
- "Die Kokerboom" is deur die Stigting vir Bemagtiging deur Afrikaans aangepas vir spesiale onderwys en in Xhosa vertaal. Baie geluk aan Me. Ronel van Dijk wat die illustrasies gedoen en gehelp het met die vertaalwerk in Xhosa.
- Baie geluk aan Me. Elanza Jordaan (oud-leerder en tans 'n personeellid by Paarl-skool) wat aangewys is as Sportvrou van die Jaar met gestremdheid 2019 by die Stad Kaapstad se jaarlikse sport toekenningsfunksie. Sy is ook genomineer vir 'n Weskaap Provinsiale Sport Toekenning en is op 14 September aangewys as 'n finalis vir Sportvrou van die Jaar met gestremdheid 2019.

Paarl-skool is trots op julle!



**BAIE GELUK AAN:**

- Mev. Philicity Swart (privaat fasiliteerder) wat in hierdie kwartaal aan Mnr. Gerrit Nel verloof geraak het.
- Mev. Elsa Fourie wie se dogter (Hestie) in die kwartaal verloof geraak het.
- Mev. Chantelle Carstens wie se oulike baba seuntjie, Franco, hierdie kwartaal gebore is.
- Mev. Adri van Wyk wat ouma geword het van 'n dierbare kleindogter en 'n kleinseun!
- Mev. Elize Frans wat ouma geword het van 'n fraaie kleindogter, Naydene.
- Mnr. Ebrahim Fraser wie se pragtige baba seuntjie, Qa-eed gebore is.
- Mnr. Anver Samuels en sy vrou, Carol wat 'n mooie baba dogtertjie ryker geword het.

Mag hierdie kleingoed waarlik julle lewens verryk!

**AFLOSPERSONEEL**

Baie dankie aan:

- Mev. Hannah Weber wat aflos in Mev. Martie Wilmot se plek by die PSOS.
- Me. Etricia de Jager wat vanaf 1 Augustus in Mev. Chantelle Carstens se plek aflos.
- Me. Mariette Etsebeth wat in Mev. Andriette de la Port se plek afgelos het, terwyl sy met siekverlof was.
- Me. Micke Gouws wat tot aan die einde van die jaar in die Praktiese Fase aflos .

**MATRIKULANTE**

Ons hou ons personeellede wie se kinders in 2019 in matriek is steeds in ons harte en gebede.

- Mnr. en Mev. Stoffel en Elsabé Kruger se seun, Armand
- Me. Reinet Barnard se dogter, Madelein
- Me. Karen Visser se seun, Sidny
- Me. Elize Frans se dogter, Elizna

**SIEKTE**

Ons dink aan:

- Mev. Elana Carstens wat baie siek is.
- Mev. Martie Wilmot wat herstel na 'n operasie met komplikasies.
- Mev. Andriette de la Porte wat 'n groot skoueroperasie ondergaan het.
- Mev. Lizelle Williams wie se vader onlangs 'n baie groot operasie ondergaan het en tans onder behandeling is.
- Mev. Eileen du Toit wat eersdaags 'n skoueroperasie moet ondergaan.

**VERLIES**

Die volgende persone is hierdie kwartaal oorlede:

- Sr. Erika Geldenhuys se moeder
- Mev. Heilet Ollsson se vader
- Mev. Shearley Miles se skoonmoeder
- Mev. Lehandri de Necker se oupa
- Me. Felecia Crouster en Janine van der Berg se broer
- Me. Jackie Williams se swaer
- Mev. Betsie Holtzhausen (oud-kollega by Paarl-skool)

Ons innige simpatie met julle groot verliese.

